Verwysing: 20180315-499
8/3/1/3
Navrae: Kringbestuurders

Omsendbrief: 0014/2018
Vervaldatum: 31 Desember 2018

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Prinsipale en Opvoeders

Kort opsomming: *Kennisgewing ten opsigte van die prosedures vir vaslegging van kwartaalprestasie per leerder vir Maart, Junie, September en Desember 2018 by openbare skole in die Wes-Kaap.*

Onderwerp: Kwartaalprestasie van graad 1 tot 9 en 10 tot 12 vir 2018

1. Hierdie omsendbrief dien om skole in kennis te stel van die reëlings ten opsigte van die voltooiing en indiening van kwartaalprestasies **per leerder,** per kwartaal vir 2018 by openbare skole in die Wes-Kaap.

2. Die behoefte aan skole om die data van **leerders se vlakprestasie** in 'n gestandaardiseerde formaat in te dien wat die skool, die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) en verskeie belanghebbendes toelaat om die prestasie van leerders en die impak van ingrypings en insette te monitor, het die afgelope twee jaar aansienlik toegeneem.

3. Ten einde op hierdie behoeftes te reageer, word skole verplig om leerders se vlakuitslae op 'n kwartaallikse basis volgens 'n gestandaardiseerde formaat te voltooi, en volgens die onderstaande datums in te dien/uit te voer.

Kwartaal	Aksie	Datum
1	Kwartaalprestasie maak oop vir inhandiging Kwartaalprestasie-aftekening vir inhandiging	26 Maart 2018 20 April 2018
2	Kwartaalprestasie maak oop vir inhandiging Kwartaalprestasie-aftekening vir inhandiging	18 Junie 2018 27 Julie 2018
3	Kwartaalprestasie maak oop vir inhandiging Kwartaalprestasie-aftekening vir inhandiging	25 September 2018 19 Oktober 2018
4	Kwartaalprestasie maak oop vir inhandiging **(Slegs graad 1 tot 11)** Kwartaalprestasie-aftekening vir inhandiging	19 November 2018 12 Desember 2018

Prosedure vir graad 1 tot 9

4. Die WKOD het sy rekordering- en rapporteringsblaaie vir graad 1 tot 9 so ontwikkel dat skole kwartaalliks hul kwartaalprestasie per leerder kan oplaai.

5. Aangesien hierdie proses nou geoutomatiseer sal word, sal skole dus nie die data van kwartaalprestasies hoef in te vul nie.

6. Opvoeders voltooi eenvoudig net die rekorderingblaaie wat 'n tabel genereer en volg dan die stappe om die data via SOBIS uit te voer en op te laai.

7. **Hoe sal skole geraak word?**

7.1 Aangesien die uitvoerfunksie reeds in hierdie blaaie ingebou is, sal skole wat van die WKOD se rekordering- en rapporteringsblaaie en tabelle gebruik maak, steeds voortgaan om die rekorderingblaaie te gebruik.

7.2 Skole wat die Suid-Afrikaanse (SA) Skooladministrasie- en Bestuurstelsel (SABS)-stelsel gebruik, sal verder in kennis gestel word hoe punte ingdien sal word deur die WKOD.

7.3 Skole wat hul eie of derde party SABS gebruik, moet toesien dat hul stelsel die data in presies dieselfde formaat as SABS stelsel kan verskaf en die data as 'n tekslêer te omskep en te kan oplaai.

7.4 Hierdie skole kan egter ook die WKOD se rekordering- en rapporteringsblaaie gebruik.

8. Die jongste weergawe van die WKOD se rekordering- en rapporteringsblaaie is nou beskikbaar.

9. Toegang tot die **rekorderingblaaie** op SOBIS kan soos volg verkry word:

9.1 Kies die **"*Reports*"** -oortjie.

9.2 Kies **"*Gr 1 – 9 Download*"** in die aftrekkieslys.

Prosedure vir graad 10 tot 12

10. Die prosedure vir graad 10 tot 12 word voltooi.

11. In die interim moet skole soos gewoon 'n opsomming van kwartaalprestasie oplaai.

12. Meer inligting oor graad 10 tot 12 sal vroegtydig beskikbaar gestel word.

13. **Let daarop:** Aangesien leerderdata slegs op SOBIS reggestel kan word, moet alle skole toesien dat hul leerderdata op SOBIS (graad 1 tot 9) korrek is, sodat die leerders se

name en besonderhede wat op die rekorderingblaaie verskyn, korrek afgelaai kan word.

14. Vir meer inligting en ondersteuning oor hoe om die tabelle op SOBIS af te laai en op te laai, kan skole die distrikte se SOBIS-ondersteuningspersoneel en die distrikte se assesseringskoördineerders kontak.

15. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief aan alle opvoeders beskikbaar te stel.

GETEKEN: A.LEWIS
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-03-20